



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2930

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

REGULASIEKOERANT No. 2930

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 30c BUITELANDS

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

POST FREE • POSVRY

Vol. 174]

PRETORIA, 21 DECEMBER
DESEMBER 1979

[No. 6789

PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of
South Africa*

No. R. 303, 1979

WOOL SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the Wool Scheme, published by Proclamation R. 155 of 1972 and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Durban this Seventh day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The Wool Scheme, published by Proclamation R. 155 of 1972, as amended, is hereby further amended as follows:

1. The following section is hereby substituted for section 34:

"Registration of certain persons

(1) No person shall deal with wool in the course of trade in the Republic, unless he has been registered with the Board.

(2) No person shall be so registered unless he has complied with the requirements (if any), prescribed by regulation.

(3) The Board may, with approval of the Minister, prescribe the procedure in connection with the consideration of such registration.

17423—A

PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van
Suid-Afrika*

No. R. 303, 1979

WOLSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou kragtens artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Wolskema, afgekondig by Proklamasie R. 155 van 1972 aangeneem het, en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a), saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Durban, op hede die Sewende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Die Wolskema, afgekondig by Proklamasie R. 155 van 1972, soos gewysig, word hierby as volg verder gewysig:

1. Artikel 34 word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Registrasie van sekere persone

(1) Niemand mag in die Republiek met wol as 'n besigheid handel nie, tensy hy by die Raad geregistreer is nie.

(2) Geen persoon word aldus geregistreer nie, tensy hy voldoen het aan die vereistes (indien enige), by regulasie voorgeskrif.

(3) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring die prosedure in verband met die oorweging van sodanige registrasie voorskryf.

6789—1

(4) The Board may grant such registration for the period determined by the Board.

(5) The Board may cancel any such registration if such a person has contravened or failed to comply with the prescribed requirements referred to in subsection (2).

(6) Any person who is dissatisfied with a decision of the Board in connection with any matter relating to his registration by the Board in pursuance of powers vested in the Board by virtue of subsections (2), (3), (4) or (5), may in terms of section 59 (6) of the Act, appeal to the Minister against such decision in the manner prescribed by regulation under section 89 of the Act.

(7) For the purpose of this section—

“dealing in the course of trade” in relation to wool, means every purchase of wool from producers thereof if the wool so purchased or any quantity thereof, is or is intended to be disposed of by the purchaser for any consideration whatsoever;

“wool” means not also wool on skins.”

2. Section 35 is hereby amended by the addition of the following subsection after subsection (3):

“(4) for the purpose of this section “producer” also means persons registered with the Board under section 34.”

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 2834

21 December 1979

RETURNS TO BE RENDERED AND RECORDS TO BE KEPT IN CONNECTION WITH WOOL.—AMENDMENT

In terms of section 79 (c) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the South African Wool Board, established by section 6 of the Wool Scheme, published by Proclamation R. 155 of 1972, has, under section 30 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, amended the requirements published by Government Notice R. 1410 of 11 August 1972, as set out in the Schedule hereto.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 1410 of 11 August 1972, is hereby amended by the addition of the following section after section 7:

“Registered persons

8. Persons registered or who ought to be registered in terms of section 34 of the said Scheme shall submit annually, before 1 August, in a form as specified by the Board, the following information relating to wool purchased or acquired by him from producers from the date of his registration until and including 30 June 1980, and thereafter for each 12 months from 1 July to 30 June of each year, namely:

(1) The names and addresses of producers from whom wool has been purchased or acquired;

(4) Die Raad kan so 'n registrasie verleen vir die tydperk wat die Raad bepaal.

(5) Die Raad kan die registrasie van so 'n persoon wat die voorgeskrewe vereistes kragtens subartikel (2) oortree het, of in gebreke bly om daaraan te voldoen, intrek.

(6) Iemand wat ontevrede is met 'n besluit van die Raad in verband met 'n aangeleentheid betreffende sy registrasie deur die Raad ingevolge die bevoegdheid aan die Raad verleen uit hoofde van subartikels (2), (3), (4) of (5), kan ingevolge artikel 59 (6) van die Wet op die wyse by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf, teen sodanige besluit by die Minister appèl aanteken.

(7) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

“as 'n besigheid handel” met betrekking tot wol, elke aankoop van wol van produsente daarvan indien die aldus aangekoopte wol of 'n hoeveelheid daarvan van die hand gesit word of bestem is om van die hand gesit te word deur die koper vir enige vergoeding hoe genaamd;

“wol” nie ook wol aan velle nie.”

2. Artikel 35 word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende subartikel by te voeg:

“(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken “produsent” ook persone wat kragtens artikel 34 by die Raad geregistreer is.”

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 2834

21 Desember 1979

OPGAWES WAT VERSTREK EN AANTEKENINGE WAT GEHOU MOET WORD IN VERBAND MET WOL.—WYSIGING

Kragtens artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Suid-Afrikaanse Wolraad, ingestel by artikel 6 van die Wolskema, afgekondig by Proklamasie R. 155 van 1972, kragtens artikel 30 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan die voorskrifte afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 1410 van 11 Augustus 1972, gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

Die Bylae van Goewermenskennisgewing R. 1410 van 11 Augustus 1972 word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende artikel na artikel 7:

“Geregistreeerde persone

8. Persone wat kragtens artikel 34 van die genoemde Skema geregistreer is of geregistreer behoort te wees, moet jaarliks voor 1 Augustus aan die Raad en in die vorm soos deur die Raad gespesifiseer, die volgende inligting verstrek in verband met wol wat deur hom van produsente gekoop of verkry is van datum van sy registrasie tot en met 30 Junie 1980 en daarna vir elke 12 maande vanaf 1 Julie tot 30 Junie van elke jaar naamluk:

(1) Die name en adresse van produsente van wie wol gekoop of verkry is;

(2) the mass of wool purchased or acquired from each producer and the amount paid to each such producer;

(3) the total mass of wool purchased or acquired from producers;

(4) the total amount paid to producers for wool purchased or acquired;

(5) the total mass of wool delivered to each of the Board's agents;

(6) the total mass of wool on hand and in transit to the agents of the Board."

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 2815

21 December 1979

WINE, OTHER FERMENTED BEVERAGES AND SPIRITS ACT, 1957 (ACT 25 OF 1957)

REGULATIONS.—CLASSIFICATION AND GRADING OF WINE AND THE USE OF DESIGNATIONS FOR WINE, WINE OF ORIGIN AND ESTATE WINE

The Minister of Agriculture has by virtue of section 39, read with sections 19, 21 and 22 of the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act 25 of 1957), with effect from 1 February 1980 further amended the regulations published under Government Notice R. 1061 of 16 June 1972, as amended by Government Notices R. 1387 of 10 August 1973, R. 1750 of 28 September 1973, R. 1758 of 9 September 1977 and R. 2571 of 23 December 1977—

(a) by the substitution for regulation 13 of the following regulation:

"13. (1) The fee indicated in paragraph 1 of Annexure C shall be payable in respect of an application referred to in Part I of Annexure A.

(2) If the Board has directed in terms of regulation 11A that particular seals be used on the containers in which wine which was produced or manufactured in terms of an approval referred to in Part II of Annexure A, is sold in or exported from the Republic, such seals shall be issued on application, and the fee indicated in paragraph 2 of Annexure C shall be payable in respect of such application.

(3) The fee indicated in paragraph 3 of Annexure C shall be payable in respect of an application referred to in Part III of Annexure A if the wine concerned is to be exported in bulk."

(b) by the substitution for regulation 14 of the following regulation:

"14. (1) Any fees payable in terms of these regulations shall—

(a) be paid within 30 days of the date on which a statement reflecting the amount due, was issued to the person by whom such fee is payable; and

(b) be paid by cheque, postal order or money order made out in favour of the Secretary for Agricultural Technical Services and be forwarded to the Director Viticultural and Oenological Research Institute, Nietvoorbij, Private Bag X5026, Stellenbosch, 7600, together with the statement referred to in paragraph (a). Provided that, if such fee is delivered by hand, it may be paid in cash.

(2) die massa van wol van elke produsent gekoop of verkry en die bedrag aan elke sodanige produsent betaal;

(3) die totale massa wol van produsente gekoop of verkry;

(4) die totale bedrag aan produsente betaal vir wol gekoop of verkry;

(5) die totale massa wol wat aan elk van die Raad se agente gelewer is;

(6) die totale massa wol voorhande en in transit na die agente van die Raad."

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIES DIENSTE

No. R. 2815

21 Desember 1979

WET OP WYN, ANDER GEGISTE DRANK EN SPIRITUALIEË, 1957 (WET 25 VAN 1957)

REGULASIES.—KLASSIFISERING EN GRADERING VAN WYN EN DIE GEBRUIK VAN BENAMINGS VIR WYN, WYN VAN OORSPRONG EN LANDGOEDWYN

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 39, saamgelees met artikels 19, 21 en 22 van die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet 25 van 1957), die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1061 van 16 Junie 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1387 van 10 Augustus 1973, R. 1750 van 28 September 1973, R. 1758 van 9 September 1977 en R. 2571 van 23 Desember 1977, met ingang van 1 Februarie 1980 verder gewysig—

(a) deur regulasie 13 deur die volgende regulasie te vervang:

"13. (1) Die geld in paragraaf 1 van Bylae C vermeld, is betaalbaar ten opsigte van 'n aansoek in Deel I van Bylae A bedoel.

(2) Indien die Raad ingevolge regulasie 11A gelas het dat bepaalde seëls gebruik word op die houe waar in wyn wat kragtens 'n goedkeuring bedoel in Deel II van Bylae A geproduseer of vervaardig is, in die Republiek verkoop of daaruit uitgevoer word, word daardie seëls op aansoek uitgereik, en die geld in paragraaf 2 van Bylae C vermeld, is betaalbaar ten opsigte van so 'n aansoek.

(3) Die geld in paragraaf 3 van Bylae C vermeld, is betaalbaar ten opsigte van 'n aansoek in Deel III van Bylae A bedoel, indien die betrokke wyn in stortmaat uitgevoer staan te word."

(b) deur regulasie 14 deur die volgende regulasie te vervang:

"14. (1) Enige gelde wat ingevolge hierdie regulasies betaalbaar is, moet—

(a) betaal word binne 30 dae na die datum waarop 'n staat wat die verskuldigde bedrag aandui, uitgereik is aan die persoon deur wie sodanige bedrag betaalbaar is; en

(b) per tjek, posorder of poswissel wat ten gunste van die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste uitgemaak is, betaal word en aan die Direkteur, Navorsingsinstituut vir Winkunde en Wingerdbou, Nietvoorbij, Privaatsak X5026, Stellenbosch, 7600, gestuur word tesame met die staat in paragraaf (a) vermeld: Met dien verstande dat, indien sodanige geld per hand afgelewer word, dit in kontant betaal kan word.

(2) If a person fails or refuses to pay the amount reflected in a statement referred to in subregulation (1) (a), within the period permitted under that subregulation—

(a) the amount concerned shall become immediately payable together with interest thereon, calculated from the date of issue of the statement concerned, and at a rate determined in terms of section 26 of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975); and

(b) the Board shall suspend the issuing of certificates and seals in terms of these regulations to the person concerned, until the amount referred to in paragraph (a) is paid by him in full.

(3) Notwithstanding the provisions of subregulation (1) the Board may require that a person to whom the issuing of seals and certificates have once been suspended, shall pay the applicable fees in terms of regulation 13 when submitting the relevant applications.

(4) Fees paid in terms of these regulations shall not be repayable.”; and

(c) by the substitution for Annexure C of the following Annexure:

“ANNEXURE C

Fees referred to in regulation 13

1. R20 for each application in respect of the first 500 hl of wine, or portion thereof, and a further R2 in respect of each 100 hl of wine, or portion thereof, exceeding 500 hl.

2. R1,20 per hl of wine, or portion thereof.

3. R0,10 per hl of wine, or portion thereof.”.

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

No. R. 2838

21 December 1979

AMENDMENT OF THE REGULATIONS UNDER THE CHILDREN'S ACT, 1960.—CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

I, George De Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of the Minister of Co-operation and Development by virtue of the powers vested in him by section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), read with Proclamation R. 303 of 1972, hereby further amend with effect from 1 October 1979, which date has been determined in consultation with the Minister of Finance, the regulations promulgated by Government Notice R. 1086, dated 22 July 1960, as amended, by—

(1) the substitution in regulation 62 (1) (b) for “R5,55” of “R6,55”;

(2) the substitution in regulation 62 (5) for “0,075” of “R0,075”;

(3) the numbering of the last paragraph of the notes to regulation 62 in the Afrikaans text with the letter “D”;

(4) the substitution in Note D to regulation 62 for “R45,45” and “R54,45” of “R49,45” and “R58,45” respectively;

This notice is issued with the consent of the Administrator-General for the Territory of South-West Africa and also applies in the said Territory.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(2) Indien iemand versuim of weier om die bedrag wat in 'n staat in subregulasie (1) (a) bedoel, aangedui is, binne die tydperk kragtens daardie subregulasie toegelaat, te betaal—

(a) is die betrokke bedrag onmiddellik betaalbaar tesame met rente daarop, bereken vanaf die datum van uitreiking van die betrokke staat, en teen 'n koers wat ingevolge artikel 26 van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), bepaal is; en

(b) moet die Raad die uitreiking van seëls en sertifikate ingevolge hierdie regulasies aan die betrokke persoon opskort tot tyd en wyl die bedrag in paragraaf (a) bedoel, ten volle deur hom vereffen is.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) kan die Raad vereis dat iemand, aan wie die uitreiking van seëls en sertifikate eenmaal opgeskort is, die toepaslike gelde ingevolge regulasie 13 betaal wanneer hy die tersaaklike aansoek indien.

(4) Gelde wat ingevolge hierdie regulasies betaal is, is nie terugbetaalbaar nie.”; en

(c) deur Bylae C deur die volgende Bylae te vervang:

“BYLAE C

Gelde bedoel in regulasie 13

1. R20 vir elke aansoek ten opsigte van die eerste 500 hl wyn, of deel daarvan, en 'n verdere R2 ten opsigte van elke 100 hl wyn, of deel daarvan, bo 500 hl.

2. R1,20 per hl wyn, of deel daarvan.

3. R0,10 per hl wyn, of deel daarvan.”.

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

No. R. 2838

21 Desember 1979

WYSIGING VAN DIE REGULASIES KRAGTENS DIE KINDERWET, 1960.—SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

Ek, George De Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), gelees met Proklamasie R. 303 van 1972, wysig hierby verder, met ingang van 1 Oktober 1979, welke datum in ooreenstemming met die Minister van Finansies bepaal is, die regulasies afgekondig by Goewermmentskennisgewing R. 1086 van 22 Julie 1960, soos gewysig, deur—

(1) in regulasie 62 (1) (b) “R5,55” deur “R6,55 te vervang;

(2) in regulasie 62 (5) “0,075c” deur “R0,075” te vervang;

(3) in die opmerkings van die Afrikaanse teks van regulasie 62 die laaste paragraaf met die letter “D” te nommer;

(4) in Opmerking D van regulasie 62 “R45,45” en “R54,45” onderskeidelik deur “R49,45 en “R58,45” te vervang.

Hierdie kennisgewing word met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika uitgevaardig en is ook in genoemde Gebied van toepassing.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 2827

21 December 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964**AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/664)**

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Deputy Minister of Finance.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 2827

21 Desember 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964**WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/664)**

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	Rate of Duty		
		III General	IV M.F.N.	V Preferential
96.01 By the substitution for subheading No. 96.01.13.20 of the following:				
".30 Hairbrushes, beard brushes, hair dyeing brushes and bath brushes, with pins, knots or tufts mounted in a rubber base	no.	25% or 65c each less 75%		
.40 Other hairbrushes, beard brushes, hair dyeing brushes and bath brushes	no.	25% or 40c each less 75%		

Note.—The rate of duty on hairbrushes, beard brushes, hair dyeing brushes and bath brushes is amended.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	Skaal van Reg		
		III Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
96.01 Deur subpos No. 96.01.13.20 deur die volgende te vervang:				
".30 Haar-, baard-, haarkleur- en badborsels, met penne, bossies of kwassies in 'n rubberbasis gemonteer	getal	25% of 65c elk min 75%		
.40 Ander haar-, baard-, haarkleur- en badborsels	getal	25% of 40c elk min 75%		

Opmerking.—Die skaal van reg op haar-, baard-, haarkleur- en badborsels word gewysig.

No. R. 2828

21 December 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964**AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/616)**

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Deputy Minister of Finance.

No. R. 2828

21 Desember 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964**WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/616)**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.10	By the insertion after tariff heading No. 27.10 of the following: "28.20 Aluminium oxide, for the manufacture of refractory cements and mortars	Full duty"

Note.—Provision is made for a rebate of the full duty on aluminium oxide for the manufacture of refractory cements and mortars.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.10	Deur na tariefpos No. 27.10 die volgende in te voeg: „28.20 Aluminiumoksied, vir die vervaardiging van vuurvaste semente en mortelle	Volle reg

Opmerking.—Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op aluminiumoksied vir die vervaardiging van vuurvaste semente en mortelle.

No. R. 2829

21 December 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF RULES (No. DAR/26)

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the Schedule to the rules published in Government Notice R. 1771 of 5 October 1973 is amended by—

(1) the insertion in paragraph 7 under the heading “Durban General:” of the following subparagraph:

“15. Gate on ‘Bay Terrace’ next to the S.A. Railway Police charge-office—for pedestrians and road transport only.”; and

(2) the deletion in paragraph 7 under the heading “Durban Special:” of subparagraph 2, the renumbering of subparagraphs 3 and 4 as 2 and 3 respectively and the insertion of the following subparagraphs:

“4. Gate to Cato Creek State warehouse—for railway traffic only—to be locked when not in use.

5. Gate situated behind the vehicle repair-shop of the S.A. Railways—for railway traffic only—to be locked when not in use.

6. Gate on Shepstone Street, known as ‘Five Roses’ siding—for railway traffic only—to be locked when not in use.

7. Two gates on Bell Street, giving access to the tarpaulin repair-shop and shed of the S.A. Railways—for railway vehicles and pedestrians employed by the S.A. Railways only—to be locked when not in use.

8. Gate on Point Road giving access to the tarpaulin repair-shop of the S.A. Railways—for railway vehicles only—to be locked when not in use.

9. Gate on Point Road giving access to the workshop and tarpaulin repair-shop of the S.A. Railways—for railway vehicles and pedestrians employed by the S.A. Railways only—to be locked when not in use.

10. Two gates on Point Road giving access to the S.A. Railways workshop, electric substation and offices—for authorised vehicles and pedestrians employed by the S.A. Railways only.”.

D. ODENDAL, Secretary for Customs and Excise.

Note.—Due to the shifting of the existing security fence, new entrances to and exits from the dock and wharf area are appointed.

No. R. 2829

21 Desember 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN REËLS (No. DAR/26)

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die Bylae by die reëls gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 gewysig deur—

(1) in paragraaf 7 onder die opskrif “Durban Algemeen:” die volgende subparagraaf by te voeg:

“15. Hek aan ‘Bay Terrace’ langs die S.A. Spoorwegpolisieaanklagkantoor—slegs vir voetgangers en padverkeer.”; en

(2) in paragraaf 7 onder die opskrif “Durban Spesiaal:” subparagraaf 2 te skrap, subparagraawe 3 en 4 te hernoem na 2 en 3 onderskeidelik en die volgende subparagraawe by te voeg:

“4. Hek na die Cato Creek Staatspakhuis—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

5. Hek geleë agter die voertuigherstelwerkplaas van die S.A. Spoorweë—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

6. Hek aan Shepstonestraat, bekend as ‘Five Roses’ sylyn—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

7. Twee hekke aan Bellstraat wat toegang verleen tot die bokseilherstelwerkplaas en opslagplek van die S.A. Spoorweë—slegs vir spoorwegvoertuie en voetgangers in diens van die S.A. Spoorweë—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

8. Hek aan Puntweg wat toegang verleen tot die bokseilherstelwerkplaas van die S.A. Spoorweë—slegs vir spoorwegvoertuie—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

9. Hek aan Puntweg wat toegang verleen tot die werkwinkel en bokseilherstelwerkplaas van die S.A. Spoorweë—slegs vir spoorwegvoertuie en voetgangers in diens van die S.A. Spoorweë—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

10. Twee hekke aan Puntweg wat toegang verleen tot die S.A. Spoorweë se werkwinkel, elektriese substasie en kantore—slegs vir gemagtigde voertuie en voetgangers in diens van die S.A. Spoorweë.”.

D. ODENDAL, Sekretaris van Doeane en Aksyns.

Opmerking.—As gevolg van die verskuiwing van die bestaande sekuriteitsomheining word nuwe ingange na en uitgange van die dok- en kaaigebied aangewys.

No. R. 2830 21 December 1979
CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964
AMENDMENT OF RULES (No. DAR/27)

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the Schedule to the rules published in Government Notice R. 1771 of 5 October 1973 is amended by—

the substitution in paragraph 7 under the heading "Cape Town Special:" in subparagraph 3 for the hours during which the Mispion Gate may be used on Monday to Friday of the following:

"Monday to Friday, from 05h30 to 22h30"

D. ODENDAL, Secretary for Customs and Excise.

Note.—The time of entrance to and exit from the dock and wharf area through the Mispion Gate on Monday to Friday is extended by 30 minutes.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 2839 21 December 1979
FOODSTUFFS, COSMETICS AND DISINFECTANTS ACT, 1972 (ACT 54 OF 1972)
REGULATION ON ENRICHMENT OF MAIZE MEAL

I, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister of Health, in terms of section 15 (1) read with section 15 (7) (b) of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), hereby make the following regulation, to be effective from the date of publication of this notice:

"Any person shall be guilty of an offence if he sells maize meal described as enriched maize meal unless—

- (a) such maize meal contains not less than 10 mg of nicotinamide and 1 mg of riboflavine per 400 g of maize meal;
- (b) the nicotinamide and riboflavine added to the maize meal is of either BP (British Pharmacopoeia) or USP (United States Pharmacopoeia) standard;
- (c) the nicotinamide and riboflavine, independently or mixed together or with the maize meal, are packed in light-resistant packages; and
- (d) the enriched maize meal bears a label conforming to the nutrition labelling requirements of subregulation (29) (I) (a) under Government Notice R. 908 of 27 May 1977".

No. R. 2848 21 December 1979
SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

REGULATIONS RELATING TO THE PRACTICE OF PHARMACY, THE CONDUCT OF THE BUSINESS OF A PHARMACIST AND THE TARIFF OF FEES PAYABLE TO A PHARMACIST IN RESPECT OF PROFESSIONAL SERVICES RENDERED BY HIM

The Minister of Health has, in terms of section 49 (1) (a) of the Pharmacists Act, 1974 (Act 53 of 1974), on the recommendation of the South African Pharmacy Board, substituted the following regulations for

No. R. 2830 21 Desember 1979
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964
WYSIGING VAN REËLS (No. DAR/27)

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die Bylae by die reëls gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 gewysig deur—

in paragraaf 7 onder die opskrif "Kaapstad Spesiaal:" by subparagraaf 3 die tyd wanneer die Mispionhek vanaf Maandag tot Vrydag gebruik mag word deur die volgende te vervang:

"Maandag tot Vrydag van 05h30 tot 22h30"

D. ODENDAL, Sekretaris van Doeane en Aksyns.

Opmerking.—Die tyd van ingang na en uitgang van die dok- en kaaigebied deur die Mispionhek op Maandag tot Vrydag word met 30 minute verleng.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 2839 21 Desember 1979
WET OP VOEDINGSMIDDELS, SKOONHEIDSMIDDELS EN ONTSMETTINGSMIDDELS, 1972 (WET 54 VAN 1972)

REGULASIE OOR VERRYKING VAN MIELIEMEEL

Ek, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister van Gesondheid, vaardig hierby, kragtens artikel 15 (1) saamgelees met artikel 15 (7) (b) van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), die volgende regulasie uit wat met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing van toepassing is:

"Iemand is aan 'n misdryf skuldig indien hy mielie-meel wat as verrykte mielie-meel beskryf is, verkoop, tensy—

- (a) sodanige mielie-meel minstens 10 mg nikotienamied en 1 mg riboflavin per 400 g mielie-meel bevat;
- (b) die nikotienamied en riboflavin wat by die mielie-meel gevoeg is van BP (British Pharmacopoeia) of USP (United States Pharmacopoeia) gehalte is;
- (c) die nikotienamied en riboflavin, onafhanklik of vermeng, of met die mielie-meel vermeng, in ligwerende pakkette verpak is; en
- (d) die verrykte mielie-meel van 'n etiket voorsien is wat aan die vereistes ten opsigte van nutriënt-etikettering voldoen soos bepaal in subregulasie (29) (I) (a) uitgevaardig kragtens Goewermentskennisgewing R. 908 van 27 Mei 1977".

No. R. 2848 21 Desember 1979
SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEROEPS-GEBRUIKE VAN DIE APTEKER, DIE DRYF VAN 'N APTEKERSAAL EN DIE TARIEF VAN GELDE WAT BETAALBAAR IS AAN 'N APTEKER TEN OPSIGTE VAN PROFESSIONELE DIENSTE DEUR HOM GELEWER

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 49 (1) (a) van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad, die regulasies betreffende die tarief van

the regulations regarding the tariff of fees payable to a pharmacist in respect of the professional services rendered by him, promulgated by Government Notice R. 1737 of 10 August 1979:

DEFINITIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

“broken bulk” means a quantity of any prefabricated preparation which does not correspond to, is not equal to or is not a multiple of the original pack;

“fees” means the tariff of fees prescribed by the Minister from time to time;

“price” means the customary retail price.

FEES PAYABLE TO A PHARMACIST IN RESPECT OF PROFESSIONAL SERVICES RENDERED BY HIM

2. The following fees are payable to a pharmacist in respect of professional services rendered by him with regard to the provision of scheduled and unscheduled medicines and substances on prescription:

(a) Scheduled and unscheduled medicines and substances on prescription: 90c per item:

Provided that—

(i) where the price of the medicine or substance is less than 90c a professional fee equal to such price is payable;

(ii) where the unscheduled and Schedules 1 and 2 medicines and substances are supplied in an original pack and no additional labelling is required, no fees shall be charged.

(b) Multiples of original packs: The fee set out in paragraph (a).

(c) Oral contraceptives: 25c per prescription.

(d) Ampoules:

(i) When sold in original pack: None;

(ii) when sold in broken bulk: The fees set out in paragraph (a).

(e) Preparations dispensed extemporaneously:

(i) Compounding fee: R1,50 per preparation.

(ii) Excess time:

If the compounding time exceeds 15 minutes: The time in excess of 15 minutes proportionately at a rate of R6 per hour.

(f) Copies of prescriptions: 10c per copy.

(g) After-hours charge:

R3 per call, which shall be charged only in cases where the pharmacist is called out to open his pharmacy after he has closed for the day.

THE PRACTICE OF PHARMACY AND THE CONDUCT OF THE BUSINESS OF A PHARMACIST

3. (a) The following procedure for the calculation of the total amount payable by a purchaser for prescribed items shall be followed by a pharmacist:

(i) The fees referred to in regulation 2 shall, where applicable, be added to the price of the prescribed items.

(ii) Where items are prescribed in broken bulk, the price charged for such items shall be the proportionate price based on the original pack immediately smaller than the prescribed quantity or, if no conve-

gelde wat betaalbaar is aan 'n apteker ten opsigte van professionele dienste deur hom gelewer, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1737 van 10 Augustus 1979, vervang deur die volgende regulasies:

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“gelde” die tarief van gelde wat van tyd tot tyd deur die Minister voorgeskryf word;

“oorgemaakte grootmaatverpakking” 'n hoeveelheid van enige voorafvervaardigde preparaat wat nie ooreenkom met, of gelyk is aan, of 'n veelvoud is van, die oorspronklike verpakking nie;

“prys” die gebruikelike kleinhandelprys.

TARIEF VAN GELDE WAT AAN 'N APTEKER BETAALBAAR IS TEN OPSIGTE VAN PROFESSIONELE DIENSTE DEUR HOM GELEWER

2. Die volgende gelde is aan 'n apteker betaalbaar ten opsigte van professionele dienste deur hom gelewer met betrekking tot die verskaffing van gelyste en ongelyste medisyne en stowwe op voorskrif:

(a) Gelyste en ongelyste medisyne en stowwe op voorskrif: 90c per item:

Met dien verstande dat—

(i) waar die prys van die medisyne of stof minder as 90c is, professionele gelde gelyk aan sodanige prys betaalbaar is;

(ii) waar die ongelyste en Bylae 1- en Bylae 2-medisyne en -stowwe in die oorspronklike verpakking verskaf word en geen addisionele etikettering vereis word nie, geen gelde gehef word nie.

(b) Veelvoude van oorspronklike verpakking: Die gelde soos in paragraaf (a) uiteengesit.

(c) Mondvoorbehoedmiddels: 25c per voorskrif.

(d) Ampulle:

(i) Wanneer dit in die oorspronklike verpakking verkoop word: Geen;

(ii) wanneer dit in oorgemaakte grootmaatverpakking verkoop word: Die gelde soos in paragraaf (a) uiteengesit.

(e) Prepare uit die vuis toeberei:

(i) Bereidingsgelde: R1,50 per preparaat;

(ii) ekstra tyd:

Indien die bereidingstyd 15 minute oorskry, word die koste van die ekstra tyd proporsioneel teen 'n koers van R6 per uur bereken.

(f) Afskrifte van voorskrifte: 10c per afskrif.

(g) Na-sluitingstydgelde:

R3 per oproep, wat gehef word slegs in gevalle waar van die apteker verlang word om sy apteek oop te maak nadat hy vir die dag gesluit het.

DIE BEROEPSGEBRUIKE VAN DIE APTEKER EN DIE BEDRYF VAN 'N APTEKERSAAK

3. (a) Die volgende prosedure vir die berekening van die totale bedrag deur 'n koper vir voorgeskrewe items betaalbaar, word deur 'n apteker gevolg:

(i) Die gelde in regulasie 2 bedoel, word, waar van toepassing, by die prys van die voorgeskrewe items gevoeg.

(ii) Wanneer items in oorgemaakte grootmaatverpakking voorgeskryf word, is die prys wat vir sodanige items gevra word, die proporsionele prys gegrond op die kleiner oorspronklike verpakking naaste aan die

nient smaller pack or no smaller pack at all is available, the proportionate price of the nearest quantity plus one-tenth of the broken bulk portion, plus a charge for the container(s), the total to be rounded off upwards to the next 5c. Provided that no price calculated on broken bulk may exceed the price for the next largest quantity plus the professional fee.

(iii) In the case of preparations dispensed extemporaneously, the compounding fee shall be added to the price of the ingredients.

(iv) The price of containers supplied by the pharmacist may be recovered where items are not prescribed in original packs.

(b) Marking of prescriptions:

All prescriptions or copies of prescriptions compounded by a pharmacist and returned to a patient shall bear the name and address of the pharmacy, shall indicate the total cost to the patient, and shall in addition show the date of dispensing.

(c) Generic preparations, formulations or strengths:

Where the prescriber makes no specification in regard to a medicine or substance, the first pharmacist dispensing a prescription shall indicate on the prescription or copy thereof which brand, formulation or strength of medicine or substance was dispensed.

4. Government Notice R. 1737 of 10 August 1979 is hereby withdrawn.

No. R. 2849

21 December 1979

SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.—RULES RELATING TO ACTS OR OMISSIONS IN RESPECT OF WHICH THE BOARD MAY TAKE DISCIPLINARY STEPS

The Minister of Health has, in terms of section 49 (2) (b) of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974), and after consultation with the executive committee of the South African Pharmacy Board, amended the rules made in terms of section 41 (2) of the aforementioned Act, relating to acts or omissions in respect of which the Board may take disciplinary steps, published under Government Notice R. 986 of 23 May 1975, as amended by Government Notices R. 1833 of 26 September 1975, R. 512 of 26 March 1976, R. 930 of 27 May 1977 and R. 1377 of 29 June 1979—

(1) by the substitution for rule 1 (9) (a) of the following rule:

“1. (9) (a) Touting for work or business of a professional nature; for which purposes ‘touting’ shall, without derogating from the generality of that term, include the following actions:

(i) By advertising or conduct, directly or indirectly, holding himself out or allowing himself to be held out as being prepared to accept or to stipulate—

(aa) a remuneration for professional fees at less than the tariff determined by the Minister by regulation; or

(bb) a selling price for medicines scheduled under the Medicines and Related Substances Control Act, 1965, at less than the customary retail price;

voorgeskrewe hoeveelheid, of indien daar nie ’n gerieflike kleiner verpakking, of glad geen kleiner verpakking beskikbaar is nie, die proporsionele prys van die naaste hoeveelheid plus een tiende van die oopgemaakte grootmaatverpakking, plus die koste van die houer(s), die totaal na bo afgerond tot die naaste 5c. Met dien verstande dat geen prys op oopgemaakte grootmaatverpakking bereken, die prys van die volgende groter hoeveelheid plus die professionele gelde mag oorskry nie.

(iii) In die geval van preparate wat uit die vuis toeberei word, word die toebereidingsgelde by die prys van die bestanddele gevoeg.

(iv) Die prys van houters wat deur die apteker voorsien word, mag verhaal word waar items nie in oorspronklike verpakking voorgeskryf word nie.

(b) Die merk van voorskrifte:

Alle voorskrifte of afskrifte van voorskrifte wat deur ’n apteker toeberei en aan ’n pasiënt terugbesorg word, moet die naam en adres van die apteek dra, moet die totale prys aandui wat deur die pasiënt betaal is en moet daarenboven die datum van toebereiding aandui.

(c) Generiese preparate, formulerings of sterktes:

Waar die voorskrywer nie spesifiseer ten opsigte van ’n medisyne of stof nie, moet die apteker wat die eerste toebereiding doen, op die voorskrif daarvan aandui welke handelsmerk, formulering of sterkte toebehoort.

4. Goewermentskennisgewing R. 1737 van 10 Augustus 1979 word hierby ingetrek.

No. R. 2849

21 Desember 1979

SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD.—REÛLS BETREFFENDE HANDELINGE OF VERSUIME TEN OPSIGTE WAARVAN DIE RAAD TUGSTAPPE KAN DOEN

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 49 (2) (b) van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), en na oorlegpleging met die uitvoerende komitee van die S.A. Aptekersraad, die reëls uitgevaardig kragtens artikel 41 (2) van voormelde Wet betreffende handelinge of versuime ten opsigte waarvan die Raad tugsappe kan doen, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 986 van 23 Mei 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1833 van 26 September 1975, R. 512 van 26 Maart 1976, R. 930 van 27 Mei 1977 en R. 1377 van 29 Junie 1979, gewysig—

(1) deur reël 1 (9) (a) deur die volgende reël te vervang:

“1. (9) (a) Oorreding vir werk of besigheid van ’n professionele aard; vir welke doel ‘oorreding’, sonder om aan die algemene betekenis daarvan afbreuk te doen, die volgende handelinge insluit:

(i) Deur advertering of deur gedrag, regstreeks of onregstreeks, voor te gee, of toe te laat dat daar voorgegee word dat hy bereid is om—

(aa) ’n vergoeding vir professionele dienste teen minder as die tarief wat die Minister by regulasie bepaal; of

(bb) ’n verkoopprijs vir medisyne, gelys by die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965, teen minder as die gebruikelike kleinhandelprys; te aanvaar of te bepaal;

(ii) canvassing or touting for prescriptions or business relating to the sale of medicines scheduled under the Medicines and Related Substances Control Act, 1965, verbally or personally or by means of an agent or by means of circulars, letters or advertisements, or by the handing out or sending of gifts having more than minimal intrinsic value or by any other means whatsoever:

Provided that the entering into contract with any organisation for the dispensing of medicines at a tariff of fees for professional services less than those determined by the Minister by regulation and at a selling price less than the customary retail price, shall not amount to touting if such tariff of fees or such selling price is determined after negotiation between the Pharmaceutical Society of South Africa and the purchaser."

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 2821

21 December 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PRETORIA.—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Baking and Confectionery Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 February 1981, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 February 1981, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 February 1981, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

(ii) werwing of oorreding vir die verkryging van voorskrifte of besigheid betreffende die verkoop van medisyne gelys by die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965, mondeling of persoonlik, of deur 'n agent, of deur middel van omsendbriewe, briewe of advertensies of deur die uitgee of stuur van geskenke wat meer as 'n minimale intrinsieke waarde het, of op enige ander wyse hoe-genaamd:

Met dien verstande dat die aangaan van enige kontrak met 'n organisasie vir die voorbereiding van medisyne teen 'n geldetarief vir professionele dienste minder as dié wat die Minister by regulasie bepaal en teen 'n verkoopprijs minder as die gebruikelike kleinhandelprijs, nie op oorreding neerkom nie indien sodanige geldetarief of sodanige verkoopprijs bepaal is na onderhandelinge tussen die Aptekersvereniging van Suid-Afrika en die koper."

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG- BENUTTING

No. R. 2821

21 Desember 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BAK- EN BANKETNYWERHEID, PRETORIA.— WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bak- en Banketnywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1981 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1981 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1981 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY (PRETORIA)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Pretoria Master Bakers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Pretoria Baknywerheidsvereniging

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Baking and Confectionery Industry (Pretoria), to amend the Agreement published under Government Notice R. 1621 of 27 July 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Baking and Confectionery Industry (Pretoria)—

(a) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade union and who are engaged or employed therein respectively;

